



'n Alfabeties-akrostiese klaaglied

R. van der Spuy
Skool vir Antieke Tale
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: roelie.vanderspuy@nwu.ac.za

Abstract

An alphabetic acrostic lament

Laments date back to the start of mankind and are known among all peoples, languages and nations. Laments are often spontaneous and unstructured, but sometimes they are structured in poetic form. The biblical book of Lamentations is structured according to the alphabet. The alphabetic framework that forms the foundation of the book indicates that it has a cognitive advancement/build up, and consists of a logically-anticipated inception/beginning and conclusion. It starts with the first letter of the alphabet and concludes with the last. According to Jewish rabbis the alphabetic acrostic structure indicates that the lamentation was completed in full – from start to finish.

With the constant development of Afrikaans a need exists for a contemporary Afrikaans Bible translation. This article is an attempt to present the book of Lamentations in a contemporary alphabetic acrostic Afrikaans translation. The message and structure of the book form a cognitive unit that must be preserved as much as possible. A cognitive unit indicates that the reader anticipates the logical build-up and it makes sense to him/her. The acrostic structure is considered to be not only an inherent part of the poem itself, but it could also be insightful and illuminative to the reader.

Opsomming

'n Alfabeties-akrostiese klaaglied

Klaagliedere is so oud soos die mensdom en kom onder alle volke, tale en nasies voor. Klaagliedere is dikwels ongestruktureerd en spontaan, maar soms word dit in poëtiese vorm gegiet. Die boek Klaagliedere in die Bybel gebruik die alfabet as strukturele raamwerk. Die feit dat dit op die alfabet as raamwerk gefundeer is, dui daarop dat dit 'n kognitiewe opbou het en dat daar 'n logies-geantisipeerde begin en einde is. Dit begin met die eerste letter van die alfabet en eindig met die laaste. Volgens Joodse rabbi's dui die gebruik van die alfabeties-akrostiese struktuur daarop dat die geklaag van begin tot einde volledig afgehandel is.

Met die ontwikkeling van Afrikaans is daar behoefte aan 'n hedendaagse Afrikaanse Bybelvertaling. Hierdie artikel is 'n poging om die boek Klaagliedere in 'n hedendaagse alfabeties-akrostiese vorm aan te bied. Die boodskap en die struktuur van Klaagliedere vorm 'n kognitiewe eenheid wat sover moontlik bewaar moet word. 'n Kognitiewe eenheid dui daarop dat die leser die logiese opbou antisipeer en vir hom-/haarself sin daaruit maak. Daar word gereken dat die akrostiese struktuur nie net 'n inherente deel van die gedig is nie, maar ook insiggewend en verhelderend sal wees.

1. Die klaaglied

Die klaaglied as poëtiese vorm is nie onbekend aan hedendaagse Afrikaanse lesers nie. Godsdienst is 'n inherente deel van die wese van baie Afrikaners. Dit is 'n aspek wat dikwels in tye van nood na vore tree en daarom spreek die boek *Klaagliedere* tot baie mense in tye van wanhoop.

Literêr gesproke wil dit voorkom asof die bybelse klaaglied in *Klaagliedere* die patroon van 'n elegie volg. Eerstens word die verlies van die "geliefde prinses" betreur. Tweedens word die grootheid van die verlore "dame" besing en, derdens, kom elemente van troos en 'n oproep om met die lewe voort te gaan sterk na vore (Human, 2006: 196-197; vgl. Du Plooy, 2001:163). Dit gaan egter nie oor 'n persoon wat nie meer daar is nie, maar oor hulle geliefde, oor die verlore en verwoeste "prinses van glorie" – Jerusalem!

Die bybelse *Klaagliedere* is nie die mees populêre boek in die Bybel nie, en daarom sal dit goed wees indien die besondere karakter van die boek in 'n vertaling eksplisiet gemaak word. Sodoende sal die

leser op 'n dieper vlak as net die prosa daarvan geraak word. 'n Leser sou heel moontlik dan verkies om dit weer te lees. Die waarde van die boek lê nie net in die boodskap van hoop vir mense sonder hoop nie, maar ook in die besondere alfabetiese-akrostiese poëtiese aard en struktuur van die boek wat saam met die boodskap 'n kognitiewe eenheid vorm. Daar word gereken dat 'n akrostiese vertaling die besondere aard van die teks sal uitlig en dit kan vir die leser insiggewend en verhelderend wees. Die leser moet deur die boodskap aangeraak word en as bonus ook die skoonheid en die kundigheid waarmee dit saamgestel is, waarneem. Gous (2005:226) sê: “Cognitive psychology and psycholinguistics are important role players mainly to understand the processes involved in the creation of poetry.” Hy redeneer verder vanuit die kognitief-psigologiese agtergrond dat die opteken van 'n mens se verlies in poëtiese vorm terapeutiese waarde het. Die mens het 'n ingeboude vermoë om eerder op 'n dieper vlak deur poësie aangeraak te word as deur prosa. Die poëtiese verwerking van die verlies is op sigself al 'n stap in die verwerking van die digter se ervaring van sy verlies (Gous, 2005:225):

An understanding of the working of our minds prompts us in the right direction. Poetry mirrors what we have inside. Poetry resonates with our natural inclinations. The architecture of poetry stems from the architecture of our minds.

Die stelling, “The architecture of poetry stems from the architecture of our minds”, sluit nou aan by wat rabbi's oor die *vorm* van hulle eie klaagliedere sê. Dit beklemtoon die belangrikheid van die eenheid van vorm en boodskap. Die boodskap en die vorm waarin die alfabetiese-akrostiese klaaglied in die oorspronklike aangebied is, is onlosmaaklik van mekaar. Rabbi Yizhak van Vorki se kommentaar oor die alfabetiese-akrostiese klaaglied is verhelderend:

‘Why on the Day of Atonement is the list of confession of sins arranged in alphabetical order?’ He replied: ‘If it were otherwise, we should not know when to stop beating our breasts. For there is no end to sin, and no end to the awareness of sin, but there IS an end to the alphabet.’ (Buber, 1991.)

Die bybelse klaagliedvorm het 'n baie spesifieke begin en einde – die klaer kla van A tot Z, van begin tot die einde, of in die Hebreeus, van *Alef* tot *Taw*! Die alfabetiese struktuur weerhou nie net die klaer daarvan om eindeloos te kla nie, maar gee terselfdertyd ook die gevoel dat alles gesê is wat gesê moet word. Kla van A tot Z, van

begin tot einde, van *Alef* tot *Taw*! Dit ondersteun die emosionele behoefte aan die afhandeling en die voltooiing van die rouproses.

2. Die alfabeties-akrostiese struktuur¹

Daar is ook verskeie alfabeties-akrostiese gedigte in ander boeke in die Bybel. Die bekendste is Psalm 119 waar agt opeenvolgende versreëls met dieselfde letter van die alfabet begin. Net so indrukwekkend en uitgebreid is die klaagliedere wat bekend staan as die boek Klaagliedere.

Gutt (2000:162) redeneer dat die sogenaamde *relevance theory* die raamwerk bied waarbinne alle aspekte van kommunikasie saamgetrek word. Hy verwys onder andere na “communicative clues arising from sound-based poetic properties”, as 'n voorbeeld van 'n nie-linguistiese aspek wat 'n onontbeerlike bydrae tot die kommunikasie en die vertaling van 'n poëtiese gedeelte maak. Daar kan dus vanuit die kognitief-linguistiese kant afgelei word dat die vorm waarin die boodskap gegiet word, nie losgemaak kan word van die boodskap sonder om die gedig te verarm nie.

Pietersma (1995:185) noem dat die antieke vertalings – soos die *Peshita*, *Vulgaat* en die *Septuagint* – die akrostiese struktuur belangrik genoeg geag het sodat dit in die vertalings op die een of ander manier weergegee is: “There can, therefore, be no doubt that the acrostic structure of Lam[entations] 1-4 received special attention in the Peshitta and in the Vulgate.”

Oor die *Septuagint* sê Pietersma (1995:185): “the majority of textual witnesses to Lam. 1-4 has the Hebrew alphabetic strophes labeled with the names of the Hebrew letters (in Greek script)”.

'n Laaste verwysing wat die kommunikatiewe waarde van die struktuur uitlig, is 'n verwysing na die drieledige akrostiese struktuur in Klaagliedere 3. Assis (2007:718) redeneer:

The stylistic phenomenon of the acrostic must be treated in the same way as every other style that attests to inner life. Literary research considers the way in which a narrative's written style shapes the inner life of the characters.

1 Die alfabet dien as raamwerk om die opeenvolgende versreëls mee te begin. (By nie-alfabetiese akrostiese gedigte spel die aanvangsletters soms 'n naam of 'n woord.)

Met die drieledige akrostiese patroon in die derde lied, fokus die digter die aandag van die hele boek op hierdie hoofstuk. Dit is ook die hoofstuk waarin die enigste hoop duidelike uitgespel word. Dit is daarom van die uiterste belang om *die* styl en struktuur waarin die oorspronklike gedig geskryf is, so goed as moontlik weer te gee, aangesien dit 'n kognitiewe kommunikatiewe eenheid vorm.

3. Uitdagings met die vertaling van die akrostiese struktuur

Uit die aard van die Hebreeuse taal is daar baie meer uitdagings as bloot die weergee van die akrostiese struktuur. Daar is ook ander struktuurelemente wat groot uitdagings bied soos onder andere alliterasie, klanknabootsings en verskillende soorte parallelismes. Dit is onmoontlik om aan al die elemente in een vertaling reg te laat geskiet. Hoewel daar gepoog is om nie aan die ander aspekte afbreuk te doen nie, meen die outeur dat die akrostiese struktuur een van die mees verwaarloosde aspekte in vertalings is. Dit is 'n aspek wat 'n groot bydrae kan lewer tot die verskerping van die boek se boodskap. Die belangrikste vraag is of die akrostiese struktuur voorrang bo die sintaktiese en semantiese strukture moet geniet. Vervolgens word hierdie vraag in meer detail bespreek.

In die navolging van die akrostiese struktuur kom die vertaler meer uitdagings teë as net die uitdagings om die regte vertaalekwivalent in die teikentaal te vind. Die vertaler moet 'n geskikte vertaalekwivalent vind wat met die regte letter van die alfabet begin!

Hoe moet die alfabeties-akrostiese struktuur weergegee word? Die maklikste oplossing sou wees om, soos die 1953-Afrikaanse vertaling, net die getranskribeerde Hebreeuse letters in te voeg (Klaagl. 1:1-3):

- 1 *Alef.* Ag, hoe verlate sit die stad wat vol mense was! Sy het soos 'n weduwee geword, sy wat magtig was onder die nasies; die vorstin onder die provinsies het dienspligtig geword.
- 2 *Bet.* Bitterlik ween sy snags – haar trane oor haar wange! Sy het geen trooster onder al haar liefhebbers nie; al haar vriende het troueloos teen haar gehandel, haar vyande geword.
- 3 *Gimel.* Juda is ontvolk deur ellende en deur sware diensbaarheid; hy sit onder die nasies, sonder om 'n

rusplek te vind; al sy vervolgers het hom ingehaal
tussen die engtes in.

'n Ander oplossing sou wees om 'n vertaling te maak wat die alfabeties-akrostiese struktuur in die vertaling van die teikentaal verbeeld. Hierdie opsie is egter sekerlik makliker gesê as gedaan.

Dit het geblyk dat dit die beste opsie is om die alfabet van die teikentaal te volg, met die uitsondering van minder gebruikte letters. In die geval van Afrikaans is daar hoofsaaklik vier letters waarvoor leenwoorde gebruik word, naamlik C, Q, X en Z. Indien hierdie vier letters nie gebruik word nie, laat dit 'n mens met slegs 22 letters – dieselfde hoeveelheid konsonante as in die Hebreeuse alfabet. Hierdie feit moet in voetnote duidelik gemaak word, sodat die leser bewus is van hierdie besluit wat geneem is (Van der Spuy, 2008: 527).

Hieronder volg enkele voorbeelde hoe sommige van die uitdagings te bowe gekom is. Van die aanpassings wat gemaak moes word, was onder andere die volgende:

- werkwoorde is as naamwoorde weergegee;
- versreëls of gedeeltes van versreëls is omgeruil;
- die grammatikale kategorie van 'n frase is verander;
- implisiete inligting is eksplisiet gemaak; en
- uitroepe en ander klein invoegings is gebruik.

3.1 Werkwoord word as naamwoord weergegee

Om in Klaagliedere 1:19 met die letter U te begin is die *Qal perfectum*-werkwoord as 'n naamwoord weergegee – die Hebreeuse werkwoord “ek het uitgeroep”, is byvoorbeeld weergegee met die naamwoord “uitroepe (van my)”.

AFR83:² Ek het na my bondgenote geroep, maar hulle het my
in die steek gelaat.

ATAW:³ Uitroepe van nood gaan uit na my minnaars, maar
hulle het my in die steek gelaat.

2 1983-Afrikaanse vertaling.

3 *Alef Taw* Afrikaanse vertaling – RvdS.

3.2 Versreëls of gedeelte van versreëls is omgeruil

Die akrostiese patroon in Klaagliedere 1:20 vereis dat die versreël met die letter V moet begin. Aangesien daar 'n baie goeie woord in die tweede versreël is wat wel met die letter V begin, is die eerste frase van die tweede versreël in die eerste versreël gebruik.

AFR83: Kyk na my nood, Here! Dit brand in my,
ek is verpletter omdat ek so ongehoorsaam was;

ATAW: Verpletter is ek, O, EK IS.⁴ Sien my ellende! My maag
die draai,
my hart klop ontsteld in my binneste omdat ek so opstandig
was.

Op soortgelyke wyse is die twee versreëls in Klaagliedere 2:20 omgeruil om met die letter V te begin. *Vrouens* word eerste geplaas. Die versreëls is egter nie verder enigsins verander nie.

AFR83: Kyk tog, Here, let tog op aan wie U dit gedoen het:
vrouens eet hulle eie kinders, kinders wat in teerheid versorg is;

ATAW: Vrouens eet hulle eie kinders wat hulle self versorg het.
Kyk tog, EK IS, let tog op aan wie U dit gedoen het!

3.3 Verandering van die grammatikale kategorie van 'n frase

In Klaagliedere 3:29 is 'n kousatiewe frase wat in die vorm van 'n retoriese vraag aangebied word:

AFR83: laat hy hom diep verootmoedig – miskien is daar hoop

ATAW: Kan hy, selfs as hy in die stof byt nog bly hoop?

In Klaagliedere 2:12 word die woord *Mamma* deel gemaak van die direkte rede:

AFR83: Hulle soek by hulle moeders iets om te eet en te drink.

ATAW: “Mamma” smee die kinders “is daar nie iets is om te
eet en te drink nie.”

'n Aantal grammatikale veranderings is in Klaagliedere 3:28-30 aangebring. In vers 28 is 'n vokatief gebruik in die plek van 'n stelling; in vers 29 is 'n retoriese vraag gebruik; en in vers 30 is weereens 'n

4 By punt 4 word hierdie vertaling van die naam van God behandel.

derdepersoonsvokatief gebruik. In vers 30 is daar in elk geval 'n onsekerheid wat gewoonlik met *miskien* weergegee word en wat min of meer dieselfde betekeniswaarde oordra as die *kan*.

AFR83: Laat hy in sy eensaamheid geduldig bly as God hom die las opgelê het,
laat hy hom diep verootmoedig – miskien is daar hoop – laat hy sy wang draai vir wie hom slaan, laat hy maar oorvloedig smaad ondervind.

ATAW: Kom laat hy eenkant sit en geduldig wees as God hom 'n las oplê.
Kan hy, selfs as hy in die stof byt nog bly hoop?
Kom laat hy sy wang draai om geslaan te word, tot hy die veragting nie meer kan hanteer nie.

3.4 Implisiete inligting is eksplisiet gemaak

Om in Klaagliedere 1:4 die versreël met die letter E te begin, is geskryf: *Eensaam* is die paaie. Die woord *eensaam* verskyn nie in die Hebreeuse teks nie, maar wel *die paaie is verlate, sonder reisigers wat fees toe gaan*. Dit voeg nie 'n nuwe betekenis by die teks nie.

ATAW: Eensaam is die paaie na Sion. Hulle treur omdat daar geen feesgangers is nie.
Al haar poorte is verlate, haar priesters sug,
haar jong vroue is hartseer; sy het 'n bitter lot.

Daar is min Afrikaanse woorde wat met die letter F begin. Daarom is dit een van die moeiliker letters om gepaste woorde vir die akrostiese vertaling te vind. In Klaagliedere 1:5 is die woord *fel* ingevoeg. Alhoewel hierdie woord nie in die teks voorkom nie, pas dit semanties by die aard van die aanslag op Jerusalem.

ATAW: Fel het haar vyande teen haar opgestaan en haar onderdrukkers geword.
Hulle lewe nou rustig.
EK IS het haar laat ly oor haar baie sondes;
haar kinders het ballinge geword, deur die vyand weggevoer.

Die Hebreeuse woord *al ille* in Klaagliedere 1:16 wat “daarom” beteken, is in die R-reël met *redes* weergegee.

AFR83: Dit is daarom dat ek so huil,

ATAW: Redes vir my gehuil,

Die Y-versreëls is meestal 'n groot uitdaging. Die Y-reël van Klaagliedere 1:22 stel dit soos volg:

ATAW: Yslik groot is al hul boosheid, mag U dit opmerk!

Moet al die boosheid van die vyande deur die Here opgemerk word? Omdat die digter voel dit is so groot, moet God dit eenvoudig raaksien. Juis omdat die sonde so *yslik groot is*, moet God dit raaksien, word gereken.

In die 1953-Afrikaanse vertaling word die Hebreeuse woord *silah* in Klaagliedere 1:15 met *verwerp* vertaal en die 1983-Afrikaanse vertaling vertaal dit met *waardeloos beskou*.

Omdat die akrostiese vertaling vereis dat die versreël met P begin, is dit met *platgeslaan* vertaal. God het hulle te lig bevind, as waardeloos beskou en hulle weggee, uitgewis, vernietig, platgeslaan. Verder is die sin in 'n passiewe konstruksie weergegee. Nie: God het hulle weggee nie, maar hulle is *deur* God weggee, platgee. God bly egter nog die akteur van die daad. Daar is probeer om by die *intensiewe* betekenis van die *Piel*-werkwoordvorm te hou. God het die aksie uitgevoer in sy felheid.

ATAW: Platgeslaan deur die Here, is al my dapper manne,
Hy het 'n byeenkoms in die stad georganiseer om my
jongmanne uit te wis.
Die Here het die jong meisie Juda vertrap asof sy driuwe in 'n
parskuip was.

3.5 Invoeging van woorde van gevoel en emosie

In Klaagliedere 2:4 is ter wille van die akrostiese struktuur die woord *en* ingevoeg sodat die reël met die letter *E* kan begin.

ATAV: En met sy regterhand het Hy soos die vyand sy boog
gespan en aangelê,

In Klaagliedere 3:19 en 20 is *Hoe* as 'n uitroep van verbasing ingevoeg sodat met die letter *H* begin word. In vers 21, die derde versreël wat ook met 'n *H* moet begin, is *herinneringe* gebruik.

AFR83: Die gedagte aan my ellende en my vreemdelingskap is
gal en gif vir my;
as ek daarvoor nadink, draai my gedagtes vas.

ATAV: Hoe galbitter, soos gif, is die gedagtes aan my lyding as
vlugteling.

Hoe maal dit in my gedagtes; dit maak my depressief!
Herinneringe aan wat was, gee my weer hoop:

In Klaagliedere 1:9 en 4:9 is die uitroep *Ja* ingevoeg:

ATAW: Ja, haar onreinheid wys aan haar klere.

ATAW: Ja, hulle wat deur die swaard doodgemaak is, is beter daaraan toe as hulle wat van honger sterf;

4. Die Afrikaanse vertaling van die Naam van God

'n Belangrike kwessie waaraan aandag in 'n eietydse Afrikaanse Bybelvertaling gegee moet word, is die vertaling van die Godsnaam *JHWE* (*Jahwe* – die Hebreeuse letters word van regs na links gelees), wat verskeie kere in Klaagliedere voorkom.

In die 1953-Afrikaanse vertaling word *Jahwe* met *HERE* (die hele woord met hoofletters geskryf) vertaal, en in die 1983-Afrikaanse vertaling word dit slegs as *Here* (net die eerste letter is 'n hoofletter) weergegee.

In sy bespreking van *Jahwe zeba'ot*, die Here van die leërskaar, sluit O'Kennedy (2007:198) net by bestaande vertalings aan deur *Jahwe* met *Here* te vertaal. Hierdie tradisionele gebruik om *Jahwe* as *Here* te vertaal, volg die Joodse gebruik om nie die naam *Jahwe* uit te spreek nie, maar om dit eerder as '*Adonaj* – Heer (enkelvoud) of *Here* (meervoud) – te lees.

Daar het 'n tradisie in die Ortodokse Jodedom ontwikkel wat duidelik in die Nuwe Testament sigbaar is. Dit word vandag nog in die Jodedom gebruik. In Matteus 21:9 word gestel dat die een wat in *die Naam* van die Here kom, geseënd is. Gieschen (2003:136) verwys na Johannes 17:6 waar Jesus bid en sê: "Ek het U *Naam* bekend gemaak aan die mense". Die konsep van *heiligheid* en die belangrikheid van die *naam* is by die Jode bekend en is ook duidelik in die Grieks van die Nuwe Testament, sowel as in die Septuagint, die Griekse vertaling van die Ou Testament. Die Jode gebruik die Hebreeuse vorm daarvan. In Engels gebruik hulle 'n transliterasie *Ha Shem* – dit beteken *Die Naam*. Ons sou dus *Jahwe* met *Die Naam* kon vertaal, of dit self net kon transkribeer as *Ha Shem*.

In die Ou Testament is daar twee gebruike van die Godsnaam '*Adonaj*. Die eerste is die basiese gebruik waar '*Adonaj* die letterlike betekenis "Here" dra (Brown *et al.*, 1996:10). Tweedens is daar die plaasvervangende naam '*Adonaj* in die plek van die Godsnaam

Jahwe – wat die Jode nie wou uitspreek nie. Waar *Jahwe* geskryf is, lees hulle 'Adonaj. Ouer vertalings het 'n onderskeid gemaak tussen die twee gebruike van 'Adonaj. Die basiese (letterlike) betekenis van 'Adonaj is as *Here* weergegee en die plaasvervangende gebruik (waar 'Adonaj in die plek van *Jahwe* gebruik is) is as *HERE* weergegee. Op hierdie wyse is erkenning gegee aan die feit dat God Homself op 'n baie besondere manier aan ons bekendgemaak het.

Dit wil voorkom asof iets van die spesiale karakter van die naam waardeur God Homself aan ons bekendgemaak het, verlore gaan indien daar nie onderskeid gemaak word tussen *Here* (met slegs die eerste letter as hoofletter) en *HERE* (wat in die geheel met hoofletters geskryf word) nie. Aangesien hierdie gebruik klaarblyklik nie meer vir die hedendaagse leser altyd verstaanbaar is nie, moet daar na 'n ander oplossing gesoek word.

Gieschen (2003:141) toon aan dat Jesus sewe keer *ego eimi*-uitsprake gebruik. Die Griekse frase *ego eimi* beteken "ek is". Op hierdie wyse het Jesus verklaar dat hy God is, of *EK IS*, is – dit is wat *ego eimi* beteken. God, of *Jahwe*, het Homself so in Eksodus 3:14 aan Moses bekendgestel. Toe Moses vra wat sy naam is, het God Homself bekendgestel deur eers te sê wie Hy is, wat Hy in sy diepste wese is, en eers daarna het hy gesê wat sy naam is. Hy het gesê: "Ek is wat Ek is." Daarna sê Hy: "Sê aan die Israeliete *EK IS* het jou gestuur."

Dit is interessant om te sien dat die Nuwe Lewende Vertaling (NLV, 2006), wat in wese 'n eietydse vertaling wil wees, Eksodus 3:14 met "Ek Is" (hoofletter E en hoofletter I) weergee. Die vertalers het ook na die ouer tradisie teruggegryp deur *Jahwe* met "HERE" te vertaal. Hulle het dus ook gevoel dat iets in die 1983-Afrikaanse Vertaling verlore gaan waar *Jahwe* sowel as 'Adonaj met "Here" vertaal word (vgl. Eks. 3:14-15).

In 'n verslag van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Klassis Pretoria-Sentraal (GKSA, 1984), skryf die Klassis met nadruk dat die naam van God ten minste met "HERE" weergegee word, om onderskeid te maak tussen *Jahwe* en 'Adonaj. Hulle beveel aan dat die 1983-Afrikaanse vertaling nie as amptelike vertaling in die kerk gebruik word nie. Hulle eerste punt van motivering is die feit dat die vertaling nie onderskeid tref tussen "Here" ('Adonaj) en "HERE" (*Jahwe*) nie (GKSA, 1984: punt 4, Aanbevelings). Die 2009-Algemene Sinode van die GKSA het weereens hierdie saak op die agenda gehad. Hulle het ook aanbeveel dat voortgaande studie oor die Godsname gedoen moet word. (GKSA, 2009: punt 13)

In die vertaalopdrag vir die nuwe komende Afrikaanse Bybelvertaling (Centre for Bible Interpretation and Translation in Africa, 2010), word die vertaalmoontlikhede van die Godsnaam *Jahwe* ook bespreek. Daar is besluit dat die Godsnaam met die tradisionele “Here” weergegee moet word. Indien hulle besluit het om onderskeid tussen “Here” en “HERE” te maak, sou dit wel aan die behoefte voldoen het om tradisioneel te wees, maar terselfdertyd ’n aanduiding gegee het dat God ’n unieke naam het waarmee Hy Homself bekendstel.⁵

Na aanleiding van die feit dat *Jahwe* Homself in Eksodus 3:14 aan die mens bekendgestel het as “Ek is wat Ek is” en daarna gesê het “sê aan die Israeliete *EK IS* het jou gestuur”, word in hierdie artikel gereken dat “EK IS” ’n goeie eietydse weergawe sou wees van wat God met sy eienaam, *Jahwe*, wou weergee. Dit sluit ook nou aan by hoe Jesus Homself in Grieks as God openbaar het.

5. Inleiding tot die boek Klaagliedere

Die kognitiewe eenheid van die boodskap en die vorm van die boek sal soveel sterker na vore kom indien daar in ’n inleiding tot die Klaagliedereboek toeligting gegee word oor die besondere aard van die alfabeties-akrostiese gedigte. Dit sal tot voordeel van die leser wees indien daar ’n inleiding soos die volgende voor in die boek verskyn:

- **Die tema van die boek Klaagliedere**

Kla tot jy uitgekla is! Van begin tot einde, van A tot Z, want dan eers sal jy vergenoegd wees! Huil totdat jy uitgehuil is, maak dan vrede, en sien dat jou enigste hoop, uitkoms en vernuwing van God af kom. Eers wanneer jy op moederverloor se vlakke beland het en nie verder kan val nie, is die enigste opsie boontoe, Boontoe!

Die volk van God het Hom heeltemal verwerp toe hulle in sonde geval het, aangehou het om ongehoorsaam in sonde voort te leef, en aangehou het om ander gode te dien. Dit het God gedwing om selfs sy liefingstad, Jerusalem, en sy tempel nie te ontsien nie. Hy het in sy verterende woede sy volk gestraf en hulle in 587 v.C. uit Jerusalem in ballingskap na Babilonië laat wegvoer. Dit het die Jode

5 Ten tye van die skryf van hierdie artikel is die kwessie weer bespreek en daar is aanbeveel dat daar wel tussen ‘*Adonaj*’ en *Jahwe* onderskeid gemaak moet word. Hierdie inligting is egter nog nie gepubliseer nie. Dit was ’n persoonlike mededeling van prof. Herrie van Rooy, lid van die vertaalspan.

diep getref. Hulle kon nie glo dat die God wat hulle as sy volk uitverkies het, nou verander het in hulle mees venynige, geharde, wrede en ongenaakbare vyand nie. Hulle het op 'n besondere wyse aangetoon dat die gehuil, die gekla en die opstand teen God tot volle uiting moet kom deur die alfabet te gebruik as riglyn en struktuur: van A tot Z, van Alfa tot Omega, van *Alef* tot *Taw*. Kla volledig, alles-insluitend, totdat jy oor alles gekla het, maar ook tot jou volle hoop in God weer herstel is.

5.1 Die struktuur en boodskap van die boek Klaagliedere

Die boek is in 'n besondere struktuur gegiet. Die boodskap en die struktuur vorm 'n unieke eenheid wat mekaar wedersyds ondersteun. Klaagliedere is in 'n alfabeties-poëtiese struktuur geskryf en bestaan uit vyf hoofstukke wat in werklikheid elkeen 'n gedig op sy eie is. Elke hoofstuk het 'n struktuur wat op die 22 letters in die Hebreeuse alfabet gebaseer is.

Die eerste twee hoofstukke het elk 22 strofes, bestaande uit een versreël elk (in 22 verse). Die derde hoofstuk bestaan ook uit 22 strofes met drie versreëls elk – dus 'n totaal van 66 versreëls (en 66 verse). Die vierde hoofstuk bestaan weer soos hoofstuk 1 en 2 uit 22 strofes, versreëls en verse. Hoofstuk 5 bestaan ook uit 22 strofes van een versreël elk (en 22 verse), maar dit is interessant om op te merk dat dit nie in 'n alfabeties-akrostiese vorm gegiet is nie.

Die struktuur van die boek lei die leser om op die middelste hoofstuk te fokus, wat in 'n drievoudige alfabeties-akrostiese struktuur gegiet is. Dit is hier waar die boodskap van hoop die duidelikste na vore kom. Die hoofstukopskrif van die nuwe Nederlandse vertaling, “Wanhoop en hoop”, is baie gepas. Die opbouende fokus bereik 'n klimaks in die laaste verse van Klaagliedere 3:

²²In sy liefde het *EK IS* ons bewaar! Daar is geen einde aan sy verbondsliefde nie!

²³In die môre is dit weer nuut. U getrouheid is so groot!

²⁴In my hart troos ek myself: *EK IS* is aan my kant, daarom plaas ek my vertrou op Hom.

Ten spyte van hierdie konsentriese fokus, het die boek tog ook 'n liniêre opbou. Die digter meld in die laaste twee verse (Klaagl. 5:21-22) dat indien God nie sy volk omdraai na Hom toe nie, sal hulle ten diepste nie bekeer wees nie. As God hulle nie vergewe nie, sal hulle nie aan God se woede kan ontkom nie.

²¹*EK IS*, draai ons om na Uself, dat ons kan terugkeer, maak alles nuut soos in die ou tyd,

²²want as U ons heeltemal verwerp, bly U woede oor ons sonder perke!

Die uitlig van die struktuur beklemtoon ten sterkste die boodskap van die boek. Aan God se verbondsliefde is daar geen einde nie, en alles is genade, want slegs Hy kan ons na hom toe keer.

5.2 Die akrostiese vertaling van die boek Klaagliedere

Slegs enkele verse per hoofstuk word as voorbeeld aangebied, maar weens die unieke karakter van hoofstuk 3 sal hierdie hoofstuk in geheel weergegee word. Hoofstuk 5 word ook volledig aangebied om aan te toon dat dit nie die alfabeties-akrostiese struktuur volg nie, maar dat dit wel 22 versreëls het, gelykstaande aan die aantal letters in die Hebraëuse alfabet.

- **Klaagliedere 1, die eerste lied: Jerusalem is in wanhoop gedompel**

¹Ag!⁶ ...

hoe verlate lê die stad wat eers gewemel het van mense;
die stad wat een van die grootste stede onder die nasies was,
het soos 'n weduwee geword.

Die heerser van die volke, het 'n slawearbeider geword.

²Bitterlik huil sy die hele nag, die trane loop oor haar wange.
Niemand van haar minnaars is nog daar om haar te troos nie.
Al haar vriende het teen haar gedraai, hulle het haar vyande geword.

³Die⁷ mense van Juda is weggevoer, hulle word mishandel en moet slawe arbeid doen,
hulle is tussen vyandige nasies en kry geen plek om te rus nie;
al hulle agtervolgers het hulle ingehaal en in die klowe vasgekeer.

6 Bail (2003:2) beklemtoon ook dat hierdie oop lyn aantoon dat daar stilte is na die uitroep.

7 In Afrikaans is daar nie voldoende woorde om die letters C, Q, X en Z te gebruik nie en daarom word daar telkens na die daaropvolgende letter beweeg (bv. van B na D, ens.). Dit het ook die voordeel dat daar net 22 letters oorbly, wat presies soveel is as wat die Hebraëuse alfabet het.

⁴Eensaam is die paaie na Sion. Hulle treur omdat daar geen feesgangers is nie.

Al haar poorte is verlate, haar priesters sug, haar jong vroue is hartseer, sy het 'n bitter lot.

⁵Fel het haar vyande teen haar opgestaan en haar onderdrukkers geword. Hulle lewe nou rustig. EK IS het haar laat ly oor haar baie sondes; haar kinders het ballinge geword, deur die vyand weggevoer.

• **Klaagliedere 2, die tweede lied: God se vernietigende woede**

¹⁸Tot die Here huil sy haar hart uit. O, vesting van Sion hou aan huil, laat trane in strome vloei, dag en nag. Moenie bedaar nie, moenie dat jou oë rus kry nie.

¹⁹Uit jou hart moet jy met die begin van elke wagbeurt, die hele nag deur, tot die Here roep! Stort jou hart voor die Here uit soos water! Strek jou hande uit, bid oor die lewe van jou kinders, hulle wat van honger doodgaan op die hoeke van die strate.

²⁰Vrouens eet hulle eie kinders wat hulle self versorg het. Kyk tog, EK IS, let tog op aan wie U dit gedoen het! Selfs priesters en profete word in die heiligdom van die Here doodgemaak!

²¹Weerlose jongmense en ou mense lê dood in die strate. Jong vroue en jong manne is deur die swaard doodgemaak. U het 'n slagting aangerig toe U vir hulle kwaad geword het. U het hulle uitgewis – niemand gespaar nie.

²²Ywerig het U hulle wat paniek saai van alle kante na my toe nadergeroep, asof na 'n heilige byeenkoms is. Op die dag van EK IS se woede het niemand weggekom nie, daar was geen oorlewendes nie. Selfs my kinders wat ek self grootgemaak het, is deur my vyande om die lewe gebring.

• **Klaagliedere 3, die derde lied: Wanhoop en Hoop!**

¹As dapper man het ek hierdie woede aanslae van die Here persoonlik beleef.

²Al die aanslae het my wanhopig gemaak. Ek het moed verloor.

³Altyd, dag na dag, het Hy sy aanvalle teen my geloods.

⁴Binne-in my is al my bene gebreek en Hy het my laat uitteer tot ek net vel en been was.

⁵Bitterheid en ontbering het my omring en toegebou.

⁶Buite in die donker het Hy my laat sit asof ek lankal dood is.

⁷**D**ik bronskettings het Hy om my gebind, Hy het 'n muur om my gebou sodat ek nie kan uitkom nie;

⁸**D**it maak nie saak of ek om hulp roep en smeek nie, Hy luister nie na my gebede nie;

⁹**D**ie pad het Hy met mure toegebou, dit is soos 'n doolhof vir my.

¹⁰**E**ers wag Hy my in soos 'n beer, dan lê hy my voor soos 'n leeu;

¹¹**E**enkant toe het Hy my gedwing, my verskeur en my verlate laat lê.

¹²**E**k was die teiken vir sy pyle toe hy sy boog gespan het.

¹³**F**olterpyle van EK IS het my diep getref.

¹⁴**F**elle spot van al my mense het ek ervaar. Hulle spotliedjies hoor mens die hele dag lank.

¹⁵**F**eesmaal van bitterheid, ja, tot versadiging het Hy my bitterals laat drink.

¹⁶**G**een hoop het ek gehad nie. Hy het my laat klippe kou.

¹⁷**G**een vrede het ek meer gehad nie; ek het die goeie tye vergeet.

¹⁸**G**een vonk van lewe het in my oorgebly nie; ja, ook nie my hoop op EK IS nie.

¹⁹**H**oe galbitter, soos gif, is die gedagtes aan my lyding as vlugteling.

²⁰**H**oe maal dit in my gedagtes, dit maak my depressief!

²¹**H**erinneringe aan wat was, gee my weer hoop:

²²**I**n sy liefde het EK IS ons bewaar! Daar is geen einde aan sy verbondsliefde nie!

²³**I**n die môre is dit weer nuut. U getrouheid is so groot!

²⁴**I**n my hart troos ek myself: EK IS is aan my kant, daarom plaas ek my vertrouwe op Hom.

²⁵**J**a, EK IS is goed vir hulle wat op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra.

²⁶**J**a, dit is goed om stil te wees en op die redding van EK IS te wag.

²⁷**J**a, dit is goed vir 'n mens om sy las te dra as hy nog jonk en sterk is.

²⁸**K**om laat hy eenkant sit en geduldig wees as God hom 'n las oplê.

²⁹**K**an hy, selfs as hy in die stof byt nog bly hoop?

³⁰**K**om laat hy sy wang draai om geslaan te word, tot hy die veragting nie meer kan vat nie.

- ³¹**L**ankmoedig is die Here, hy verwerp 'n mens nie vir altyd nie.
- ³²**L**iefde sonder maat bewys Hy, al het Hy die ellende laat kom.
- ³³**L**yding en ellende is nie sy hartewens nie.
- ³⁴**M**ishandeling van al die gevangenes in die land,
- ³⁵**M**ense se reg is verdraai in die teenwoordigheid van die
Allerhoogste,
- ³⁶**M**et onregverdige uitspraak in 'n regspraak – sien die Here dit
nie?
- ³⁷**N**iemand kan net 'n woord sê en dit gebeur as die Here dit nie
beveel het nie.
- ³⁸**N**ie net goeie nie, maar ook slegte dinge gebeur as die
Allerhoogste dit beveel.
- ³⁹**N**ou maar waarom kla 'n mens as hy nog lewend is? Moet 'n
dapper man nie eerder oor sy eie sonde kla nie?
- ⁴⁰**O**ns moet ons lewens eerlik ondersoek en na EK IS terugkeer.
- ⁴¹**O**ns moet ons hande én ons harte na God in die hemel oplik:
- ⁴²**O**ns het sonde gedoen en was opstandig, en U het nie
vergewe nie.
- ⁴³**P**yn en dood het U sonder genade uitgegiet – verblind deur
woede het U ons agtervolg en niemand gespaar nie.
- ⁴⁴**P**antserwolke teen gebed het U om Uself opgerig, sodat geen
gebed na U kon deurkom nie,
- ⁴⁵**P**es en veragting onder die volke, het U ons gemaak.
- ⁴⁶**R**asend van arrogansie, rek al ons vyande hulle monde oor
ons.
- ⁴⁷**R**edelose angsk en vrees het oor ons gekom, verlatenheid en
verwoesting.
- ⁴⁸**R**iviere van trane vloei uit my oë oor die vernietiging van my
volk.
- ⁴⁹**S**onder ophou vloei my trane! Dit hou nie op nie,
- ⁵⁰**S**odat EK IS dit uit die hemel kan raaksien.
- ⁵¹**S**eer is my hart as ek sien wat met die inwoners van die stad
gebeur het.
- ⁵²**T**elkens het my vyande my soos 'n voël gejag, sonder rede;
- ⁵³**T**oe het hulle my in 'n put gegooi en dit met 'n klip toegemaak
om my stil te maak.
- ⁵⁴**T**ot by my kop het die water gestyg – ek het gereken dit is
klaar met my.
- ⁵⁵**U**it die diepte van die put roep ek na U, EK IS.
- ⁵⁶**U** het my geroep gehoor. Moet U tog nie doof hou nie, hoor
tog hoe smee ek om hulp!

⁵⁷**U** het tog al na my gekom toe ek geroep het, en U het gesê:
“Moenie bang wees nie!”

⁵⁸**V**antevore het U tog my regsak verdedig en my lewe gered.

⁵⁹**V**erseker het U die onreg teen my gesien, O, EK IS! Lewer
nou 'n regverdige uitspraak.

⁶⁰**V**erder het U tog gesien hoe hulle my haat, hoe hulle teen my
saamsweer.

⁶¹**W**oorde van spot en veragting het U, EK IS, tog gehoor;

⁶²**W**oorde van opstand en verraad teen my, die hele dag lank.

⁶³**W**anneer hulle sit of wanneer hulle staan; kyk, ek is die tema
van hulle spotliedjies!

⁶⁴**Y**slike gruwels! Laat hulle, O, EK IS daarvoor betaal.

⁶⁵**Y**selwekkende vervloeking kom hulle toe, verblind hulle!

⁶⁶**Y**werig moet U hulle in woede vervolg en hulle wegvee van
onder U hemel uit, EK IS.

- **Klaagliedere 4, die vierde lied: Sion se skuld en ondergang**

¹**A**g! ...

hoe dof het die goud geword, hoe glansloos het die suiwer
goud geword!

Heilige edelstene lê weggegooi op al die straathoeke.

²**B**ewoners van Sion, vroeër hul gewig in goud werd,
het nou so waardeloos geword soos kleipotte wat deur 'n
pottebakker gemaak is.

³**D**ie jakkalse laat hulle kleintjies drink,
maar my volk het so wreed geword soos die volstruise in die
woestyn wat hul kleintjies weggooi.

⁴**E**lke arme suigeling se tong sit van die dors aan sy verhemelte
vas,
kindertjies smee om brood maar daar is niks vir hulle nie.

⁵**F**lenters is nou die klere van hulle wat in weelde grootgeword
het.

Mense wat vroeër koningskos geëet het, verwelkom nou kos
vanaf ashope.

- **Klaagliedere 5, die vyfde lied: Hoop! God heers vir altyd!**

¹**E**K IS, onthou tog wat oor ons gekom het, kyk en sien ons
vernedering.

²**O**ns erfgoed is gevat en aan vreemde mense gegee, ons huise
is aan uitlanders gegee.

³**O**ns het weeskinders geword sonder vaders, ons moeders is

- soos weduwees.
- ⁴Ons moet ons eie drinkwater terugkoop, vir ons eie hout moet ons betaal.
- ⁵Ons vervolgers lê op ons nekke, ons is uitgeput, ons word geen rus gegun nie.
- ⁶Ons het ons hande uitgesteek na Egipte en na Assirië om by hulle kos te bedel.
- ⁷Ons vaders het gesondig, maar hulle is nie meer daar nie, nou word ons gestraf vir hulle sondes.
- ⁸Ons word deur slawe regeer, en niemand kan ons uit hulle mag red nie.
- ⁹Ons moet met lewensgevaar vir ons gaan kos haal, want in die veld word ons doodgemaak.
- ¹⁰Ons vel verskrimpel soos iets in 'n oond vanweë die verterende honger.
- ¹¹Ons vrouens is in Sion verkrag, en ons jong meisies in die stede van Juda.
- ¹²Ons leiers is opgehang, ou mense word nie geëer nie.
- ¹³Ons jongmanne is gedwing om maalwerk te doen, jong seuns struikel onder vragte hout.
- ¹⁴Ons oumense sit nie meer in die poorte van die stad nie en die jongmanne maak nie meer musiek nie.
- ¹⁵Ons inherente vrolikheid het opgehou, ons koordanse het verander in rou.
- ¹⁶Ons het ons aansien verloor, daar het ellende oor ons gekom, want ons het sonde gedoen!
- ¹⁷Ons harte het swaar geword oor al hierdie dinge, ons oë het troebel geword.
- ¹⁸Ons het Sionsberg verlate laat lê, die jakkalse loop nou daar rond.
- ¹⁹EK IS, U heers vir altyd, u troon staan vas van geslag tot geslag.
- ²⁰Waarom bly U ons vergeet, en waarom verlaat U ons vir altyd?
- ²¹EK IS, draai ons om na Uself, dat ons kan terugkeer, maak alles nuut soos in die ou tyd,
- ²²want as U ons heeltemal verwerp, is U woede oor ons sonder perke!

6. Slot

Met hierdie artikel is gepoog om aan te toon dat die vorm en boodskap van die boek Klaagliedere in 'n alfabeties-akrostiese struktuur, 'n hegte eenheid vorm wat nie gebreek behoort te word nie. Die unieke literêre aard van die boek moet uitgelig word. 'n Beter begrip van die struktuur van die boek beklemtoon God se boodskap aan die leser. In die fokusverse van Klaagliedere 3 leer die leser dat

daar geen einde is aan God se verbondsliefde nie. Die klimaks van Klaagliedere 5 herinner die leser dat alles genade is, want slegs God kan 'n mens na Hom toe terug keer!

Hierdie artikel poog om 'n bydrae te lewer tot die uitbouing van die eietydse Afrikaanse literatuur; 'n poging wat beslis nie sonder besondere uitdagings en tekortkomings is nie.

Geraadpleegde bronne

- ASSIS, E. 2007. The alphabetic acrostic in the Book of Lamentations. *The Catholic biblical quarterly*, 69:710-724.
- BAIL, U. 2003. Spelling out *No-Where*: Lamentations as a textual space of survival. *Lectio difficilior*, 1:1-9.
- BROWN, F., DRIVER, S.R. & BRIGGS, C.A. 1996. A Hebrew and English lexicon of the Old Testament. Oxford: Clarendon.
- BUBER, M. 1991. Tales of the Hasidim. New York: Schocken Books. <http://www.jhom.com/topics/letters/editor.html#1> Date of access: 26 Sept. 2009.
- CENTRE FOR BIBLE INTERPRETATION AND TRANSLATION IN AFRICA. 2012. DBA Handboek. Vertaalopdrag. <http://www.cebita.org/cebita/abv/werkboek/2%20VERTAALOPDRAG%20071106.htm> Datum van gebruik: 14 April 2011.
- DU PLOOY, H. 2001. Elegie. *Literator*, 22(2):163.
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1984. Klassis Pretoria-Sentraal: die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Potchefstroom.
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2009. Algemene sinode: rapport Deputate Bybel. Potchefstroom.
- GIESCHEN, C.A. 2003. The divine ame in Ante-Nicene Christology. *Vigiliae Christianae*, 57(2):115-158.
- GKSA
kyk GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
- GOUS, I. 2005. Lamentations 4 in the light of poetry therapy. *Old Testament essays*, 18(2):223-239.
- GUTT, E-A. 2000. Translation and relevance: cognition and context. Manchester: St. Jerome.
- HUMAN, T. 2006. "Klaaglied vir 'n verdwene geliefde": oor vertroostende, melancholiese en "onmoontlike" verdriet. *Tydskrif vir taalonderrig*, 40(1):195-209.
- NLV
kyk NUWE LEWENDE VERTALING
- NUWE LEWENDE VERTALING. 2006. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- O'KENNEDY, D.F. 2007. Die goddelike Naam. *Old Testament essays*, 20(1): 185-200
- PIETERSMA, A. 1995. The acrostic poems of Lamentations in Greek translation. (*In* Greenspoon, L. & Munnich, O., eds. VIII Congress of the International Organization for Septuagint and Cognate Studies, Paris, 1992. Atlanta: Scholars Press. p. 183-201.)
- VAN DER SPUY, R. 2008. Hebrew alphabetic acrostics: significance and translation. *Old Testament essays*, 21(2):513-532.

Kernbegrippe:

alfabeties-akrostiese gedig
Bybelvertaling
Godsname
Klaagliedere

Key concepts:

alphabetic-acrostic poems
Bible translation
Names of God
Lamentations

